**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer: 280/2011

In die aansoek van:-

**SUSANNA MARIA LOEDOLFF** Applikant

en

**PADONGELUKKEFONDS** Respondent

---

**CORAM:** KRUGER, R

---

**GELEWER OP:** 23 APRIL 2015

---

**HERSIENING VAN TAKSASIE**

---

[1] Hierdie is ‘n Hersiening van Taksasie ingevolge Reël 48. Die prokureur se aansoek om hersiening is in Afrikaans en daarom is hierdie uitspraak in Afrikaans.

[2] Die vraag in hierdie hersiening is of daar ’n onderskeid gemaak moet word tussen die fooie toegelaat waar advokate in die Hooggeregshof (Hoë Hof) verskyn, en gevalle waar prokureurs verskyn en of sodanige onderskeid absurd is soos wat Moloi R bevind in **Maluti Plant Hire CC v Mangaung**

**Metropolitan Municipality**, (Vrystaatse Hoë Hof Saak 2060/2014, 5 Februarie 2015).

[3] Die takseermeester het *mero motu* twee bedrae van die eiseres se kosterekening afgetakseer. Daardie items is die volgende:

(1) "101. Attend to prepare for trial (half day fee)" R 8 250

Die takseermeester het R 4 900 toegelaat.

(2) "111. Attend court when draft order made order of court (day fee)" R16 500

Die takseermeester het R 9 400 toegelaat.

[4] Die takseermeester het die volgende in ag geneem:

> "In considering the argument, I considered the following:
>
> a) Value of the work done, not only the seniority & expertise,
> b) Fair compensation for perparation & presentation of argument,
> c) Work actually done by the attorney and the rate at which he charges for it,
> d) Time spent,
> e) The matter was settled,
> f) General Court Practice,
> g) The bill taxed was a party & party bill and
> h) The attorney dealt with the matter form day one, since 2007."

[5] Die takseermeester wys daaop dat die prokureur vir sewe ure gekonsulteer het, van dag een af (vir sewe jare) met die saak gewerk het, en op hoogte was met iedere aspek van die saak.

Vir ’n advokaat sou slegs twee ure konsultasie vir verhoor toegelaat gewees het.

Die basis waarop die takseermeester die fooi wat hy toegelaat het bereken het is die volgende:

“

| | | |
|---|---|---|
| Day fee | (for taking draft order) | R9 400 per day + |
| Preparation fee | (after the attorney work on the file from 2007 he still gets half day preparation fee) | R4 700 half day fee + |
| Consultation fee | (7 hours, where an advocate would only get two hours) | R6 580 = |
| Total | | R20 680 |

I gave the attorney as per Rule 70 of the Uniform Rules of Court R235 per quarter of an hour to get hourly tariff. Hourly rate for attorneys are R940 per hour. I took the R940 as a base fee multiply by ten to get the day fee of an attorney.”

[6] Vir item 111 die prokureur se verskyningsfooi het die takseermeester 10 x R940 (uurfooi) toegelaat = R9 400.

Vir die voorbereidingsfooi, item 101, het die prokureur ’n halwe dagfooi toegelaat = R9 400 ÷ 2 = R4 700. Hierby het die takseermeester nog R200 gevoeg om by R4 900 uit te kom.

Die takseermeester sê dat as hy die rekening op die basis van advokate-fooie sou getakseer het, sou die resultaat ongeveer dieselfde gwees het, of moontlik minder, soos

hieronder blyk waar die fooie toegelaat vir advokate oorweeg word.

[7] Die prokureur wat vir eiseres verskyn het, voer aan dat Reël 69 toegepas moes word en dat hy geregtig is op sy fooie soos versoek. Hy wys daarop dat Reël 70 bepaal dat waar ’n prokureur in die hof verskyn of enige van die ander werksaamhede van ’n advokaat verrig kragtens die bepalings van die Wet op die Reg op Verskyning in Howe, 62 van 1995, die tarief ingevolge Reël 69 van toepassing is (Reël 70, Bylae A, paragraag 10). Reël 69 handel met “Advokaatsgelde in siviele sake in die Provinsiale en Plaaslike Afdelings van die Hooggeregshof”.[1]

[8] Die takseermeester identifiseer konsultasies waarvoor die prokureur gedebiteer het, en welke deur die takseermeester toegelaat is:

| | | |
|---|---|---|
| Item 21: | Konsultasie met kliënt oor quantum verhoor voorbereiding (2ure) | R 1 880 |
| Item 87: | Voorverhoor konsultasie met kliënt en bespreek regsmediese verslae (3ure) | R 2 820 |
| Item 99: | Voorverhoor konsultasie met Dr D Pienaar (1uur) | R 940 |

[1] Van Dijkhorst wys in **<u>Promine Agentskap en Konsultante BK (At); Du Plessis en ‘n Ander</u>** [1998] JOL 3912 (T) daarop dat die opskrif by Reël 69 in Erasmus, **Superior Court Practice** foutief is. Harms, **Civil Procedure in the Supreme Court** gebruik die juiste opskrif.

| | | |
|---|---|---|
| Item 100: | Voorverhoor konsultasie met S van Jaarsveld (1uur) | R 940 |
| | | **R 6 580** |

Die takseermeester het dus R6 580 toegelaat vir voorverhoor konsultasies van 7 ure. Die takseermeester wys daarop dat dit gebruiklik is dat 2 ure konsultasiefooi vir advokate vir verhoor toegelaat word teen 'n tarief van tussen R750 en R1 500 per uur.

[9] Die fooie wat die takseermeester dus vir die prokureur toegelaat het in hierdie geval is:

| | | |
|---|---|---|
| Voorverhoorkonsultasies (7ure) | | R 6 580 |
| Voorbereidingsfooi (Half dag fooi) | | R 4 700 |
| Verskyningfooi (Dagfooi) | | R 9 400 |
| | **Totaal** | **R20 680** |

[10] Die fooi wat die takseemeester vir 'n junior advokaat sou toegelaat het is:

| | | |
|---|---|---|
| Voorverhoorkonsultasies (2 ure) | | R 1 500 |
| Voorbereidingsfooi (Half dag fooi) | | R 3 750 |
| Verskyningfooi (Dagfooi) | | R 7 500 |
| | **Totaal** | **R12 750** |

[11] Die fooi wat die prokureur geeis het is:

| | | |
|---|---|---|
| Voorverhoorkonsultasie (7 ure) | | R 6 580 |
| Voorbereidingsfooi (½ Dagfooi) | | R 8 250 |
| Voorverhoorkonsultasies | | R16 500 |
| | **Totaal** | **R31 330** |

Vir 'n Senior Junior Advokaat sou die takseer-
meester toegelaat het R25 500

[12] **ALGEMENE BEGINSELS VAN TAKSASIE**

(a) Taksasie moet op 'n billike en praktiese wyse gedoen word. Die vereistes om billik en prakties te wees was nog altyd oorheersend by taksasie:[2]

> "What *is* permissible is, to my mind, those cases which on honest, experienced and capable practitioner would consider reasonable in relation to the particular claim or defence, bearing in mind the requirements of efficient practice and the exigencies of litigation."

(b) Die howe is baie teësinig om met 'n taksasie in te meng. Die benadering is dat die hof tevrede moet wees dat die takseermeester duidelik verkeerd was voordat die hof sal inmeng.[3]

(c) Howe erken die deskundige kennis wat die takseermeester het deur daagliks te werk met fooie wat in die praktyk gevorder en toegelaat word. Dit is al gesê dat howe net sal inmeng met die takseermeester se diskresie in ekstreme gevalle.[4]

(d) Wat die senioriteit van die regspraktisyn betref, is die posisie by taksasie dat dit gaan oor die ingewikkeldheid

---

[2] **Van Rooyen v Commercial Union Assurance of SA Ltd** 1983 (2) SA 465 (O) per MT Steyn, R te 468D-E).

[3] Harms, **Civil Procedure in the Superior Courts**, losblad Vol I (Hoofbinder) B-242; **Lander v O'Meara** 2011 (1) SA 204 (KZN) par [13]-[17].

[4] **Wellworths Bazaars Ltd v Chandlers Ltd and Others** 1947 (4) SA 453 te 459.

van die saak, eerder as die senioriteit of ervaring van die advokaat of prokureur, soos dit deur ’n vroeëre Hoofregter gestel is:

> “The measure for determining what is a reasonable fee is the value of the work that was done, and the eminence of counsel is not by itself a good reason for allowing a larger fee.”[5]

[13] **TAKSASIE VAN ADVOKATE-WERK DEUR PROKUREURS GEDOEN**

(a) Wanneer ’n prokureur advokate-werk doen is die prokureur geregtig op fooie wat onder soortgelyke omstandighede vir advokate toegelaat is.[6]

(b) Wanneer die takseermeester ’n kosterekening oorweeg waar ’n prokureur eis vir advokate-werk deur die prokureur gedoen, moet die takseermeester kyk na fooi wat die prokureur *qua* prokureur gevra het ten einde te verseker dat daar nie ’n duplisering van koste is nie.[7]

(c) Wanneer die takseermeester of ‘n Hof die kosterekening van ’n prokureur vir advokate-werk oorweeg, moet die Hof en die takseermeester in gedagte hou dat ’n belangrike rede waaroor die Wet op die Verskyning van Prokureurs in Hoë Howe 1995 deur

---

[5] **Ocean Commodities Inc and Others v Standard Bank of SA Ltd and Others** 1984 (3) SA 15 (A) te 22H-I.

[6] **Promine Agentskap en Konsultante BK (At); Du Plessis en ’n Ander** [1998] JOL 3912 (T) te bl 9 per Van Dijkhorst R; **Stubbs v Johnson Brothers Properties CC and Others** 2004 (1) SA 22 (N) te 27D-E.

[7] Harms, **Civil Procedure in the Superior Courts**, Vol I, B-411, paragraaf B70.1A; **Nzomela v Eastern Cape Development Corporation Ltd and Another** 2004 (6) SA 378 (TK) par [44], [45] (b)-(f).

die parlement aanvaar is, is ten einde gedingskoste te verminder omdat prokureurs nou kan verskyn.[8]

(d) ‘n Prokureur wat advokate-werk doen is geregtig om op dieselfde basis vergoed te word was werk betref wat gedoen is, maar nie waar die eis is vir werk wat nie gedoen is nie.[9] In die **Le Roux** saak was die eis gebaseer op ’n fooi om die dag te reserveer. In so ’n geval sou ’n advokaat nie geregtig wees op ’n fooi vir voorbereiding wat die advokaat gedoen het bereken volgens die ure wat die advokaat aan die voorbereiding spandeer het nie.[10]

(e) Advokate word per dag betaal, prokureurs per ure gewerk. As die prokureur advokate-werk doen word die prokureur vergoed op dieselfde basis as die advokaat, maar die takseermeester kan nie die ander koste waarvoor die prokureur reeds gedebiteer het en vergoed is synde koste wat nie ingereken word by ’n advokaat se fooi nie, ignoreer nie.

(f) ’n Belangrike rede waarom prokureurs verskyningsregte gegee is, is om die kliente geld te spaar deur duplisering te vermy. Die prokureur kan nie die voordeel kry van die betaling vir die werk as prokureur gedoen, saam met die fooi vir werk as advokaat gedoen nie. Die advokaat se fooi sluit ’n bedrag in vir die werk

[8] **Stubbs v Johnson Brothers Properties CC and Others** 2004 (1) SA 22 (N) te 28E-F.
[9] **Road Accident Fund v Le Roux** 2002 (1) SA 751 (W) te 759A-B.
[10] **JD van Niekerk en Genote Ing v Administrateur, Transvaal** 1994 (1) SA 595 (A) te 601I.

wat voor die verhoor gedoen moet word vir welke werk die prokureur, sou die prokureur by die verhoor as advokaat optree, reeds vergoed is by wyse van uitgebreide konstultasie fooie.

(g) Wanneer die takseermeester die rekening takseer van ’n prokureur vir advokate-werk, kan die takseermeester nie die rekening takseer net soos die rekening van ’n advokaat vir daardie werk getakseer word nie. Die takseermeester moet kyk watter fooie die prokureur gedebiteer het wat moontlik tot ’n duplisering kan lei. Die takseermeester hou in gedagte dat dit die prokureur se eie lêer is en dat die prokureur met die inhoud van die lêer vertroud is en nie hoef in te studeer nie soos wat ’n advokaat wat ’n brevet ontvang moet doen nie.

(h) Wanneer die hof te doen het met ’n prokureur se fooie, synde vir werk gedoen *qua* prokureur of advokate-werk, die takseermeester in gedagte hou dat die prokureur die een is wat besluit watter koste die kliënt aangaan, of, soos regter MT Steyn dit gestel het:

> “The attorney is his clients master of costs, often deciding, either on his own or in conjunction with counsel, what steps to take, what evidence to obtain for use in the litigation, evaluating the work and effort involved in the matter and what the charges therefore should be.”[11]

[11] **Van Rooyen v Commercial Union Assurance Co of SA Ltd** 1983 (2) SA 465 (O) te 468B-D.

## GEVOLGTREKKINGS

[14] Die takseermeester moet ’n billike en praktiese benaderinge volg. In die onderhawinge geval was die prokureur van die begin af gemoeid met die saak. Hy het dagvaarding laat uitreik. Hy is betaal vir die meriete-gedeelte van die saak. Die prokureur is vertroud met sy lêer. Hy is nie in die posisie van ’n advokaat wat op verhoor gebrefetteer word, wat die saak moet instudeer. Die takseermeester moet die praktiese realiteit van die andersheid tussen ’n advokaatspraktyk en ’n prokureurspraktyk in ag neem, soos wat die takseermeester in hierdie geval gedoen het.

[15] Advokate word gebrefetteer en reserveer ’n dag. Advokate mag volgens hulle etiese reëls in die gewone loop van sake nie meer as een saak per dag neem nie. As ’n Advokaat gebrefetteer is vir ’n saak, moet die advokaat ander verhoor werk vir daardie dag wegwys. Daardie weggewysde werk kom nie terug as die eerste saak waarvoor die advokaat gebrefetteer is, wegval nie. Dis die rede waarom die advokaat op ’n reserveringsfooi geregtig is. Dit is waar dat, as die saak geskik word of uitgestel word die advokaat kan teruggaan na die kantoor en kamerwerk doen. Daardie kamerwerk sou in elk geval op ’n ander tyd ook gedoen kan word. Die feit dat die advokaat werk kan gaan doen waarvan vergoeding uit ander bronne sal kom, was nog altyd so, en is ’n by-produk van die stelsel van reserveringsfooi. In ’n Oos-Kaapse saak[12] was die getuienis dat die prokureur spesifiek

---

[12] **Stevens NO v Maloyi** (ECP) (ongerapporteede saak 1205/08, 26-4-2012)(Tshiki R) bespreek in **De Rebus** September 2012: 20-22.

die dag opsygesit het vir die verhoor.[13] In die onderhawige saak is geen aanduiding dat eiser se prokureur die dag opsygesit het vir die verhoor nie.

[16] Die eiseres se prokureur baseer sy beswaar teen die takseermeester se taksasie op die feit dat die takseermeester nie gehandel het ooreenkomstig die uitspraak van Moloi R in die **Maluti Plant Hire CC** saak nie. Die voorgaande stelling van Moloi R in paragraaf [5] van die uitspraak kan nie ondersteun word nie.

> "The distinction between what fees an advocate may charge for work done in the High Court and those of an attorney acting personally without engaging and advocate is an absurdity."

[17] Ek is tevrede dat bostaande stelling, ongekwalifiseerd, duidelik verkeerd is, en tot die verkeerde slotsom van die regter gelei het. Die beginsel wat die regter uit die oog verloor het in die **Maluti** saak is dat die prokureur op die fooie geregtig is mits daar geen duplisering is nie. Die vereiste dat daar geen duplisering moet wees is in baie geraporteerde sake beslis.[14] In die onderhawige saak het die takseermeester, ingevolge sy plig om billik en prakties te wees, in ag geneem watter fooie die prokureur reeds *qua* prokureur gedebiteer het en waarvoor hy op die kosterekening vergoed is. Dit is iets wat Moloi R, nie in die **Maluti** saak gedoen het nie, en in daardie opsig is ek oortuig dat die **Maluti** saak duidelik verkeerd beslis is.

[13] Par 17.

[14] **Nzonela** (*supra*); **Road Accident Fund v Le Roux** (*supra*).

[18] Om te bepaal of koste redelikwys aangegaan is, volg die takseermeester ‘n realistiese benadering deur te kyk na wat werklik in die litigasie en die praktyk gebeur het.[15] Die takseermeester pas nie blindweg die tarief waarop advokate geregtig is toe op ’n eis vir fooie deur die prokureur *qua* advokaat gedoen nie.

[19] Die takseermeester was korrek om na die geheel van die saak en die totale kosterekening te kyk en daarvolgens te bepaal watter bedrag toegelaat moet word. Wat koste betref, was hier geen opponering nie. Dit sou nie gepas wees om ’n kostebevel te maak nie. Omdat daar ook by die taksasie geen opponering was nie, en omdat die eiser se saak volledig in die Aansoek om Hersiening en die “Response” uiteengesit is, was dit ook nie nodig vir enige verskyning nie. Daar is geen basis om die takseermeester se beslising tersyde te stel of te verander nie.

**BEVEL**

1. Die aansoek word afgewys.

**A. KRUGER, R**

Geen verskynings.

[15] **Van Rooyen** (*supra*) te 474B-D.